Lesing 22 - 2 Desember 2025 - Die Dogter van Sion, restoureerders van die Skrifte

Die seën van Jahshua - Ontvang in 2008

1. Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.



2. Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.



3.Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai
En die arend se gesang uitrys bo die kraai.





4. Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,
5. Edel is die hart wat Liefde verkies.
6. Edel is die Man wat hart aan hande bind
7 n die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.
8. Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel waarin My Brood nou breek.
Amein.

Hebreërs 12

*18 Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm*

*19 en ramshoring-geklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen Woord meer sou toegevoeg word nie* -

*20 want hulle kon die Gebod nie verdra nie: selfs as wilde wesens die berg aanraak, moet hulle gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word.*

*21 En Moshè, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder. [Exodus 19:16]*

*22 **Maar julle het gekom by die Berg van Sion en die Stad van die lewende Elohim, die Hemelse Jerusalem en tienduisende Boodskappers**, [Openbaring 14:1-3]*

*23 **by die feestelike vergadering** en die gemeente van eersgeborenes wat in die Hemele opgeskrywe is, en by Elohim, die Regter van almal, en **by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is**, [Ode van Salomo 33:11]*

*24 **en by JaHWèshua, die Middelaar van die Nuwe Verbond,** en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.*




*25 Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op Aarde 'n waarskuwing gegee het, veel minder Ons wat Ons van Hom afkeer **nou dat Hy uit die Hemele spreek.***

*26 Toe het Sy Stem die Aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: **Nog een maal laat Ek nie alleen die Aarde nie, maar ook die Hemele bewe.***

*27 En hierdie Woord: nog een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, **sodat die onwankelbare kan bly**.*

*28 Daarom, **omdat Ons 'n onwankelbare Koninkryk ontvang,** laat Ons dankbaar wees, en so Elohim welbehaaglik dien met eerbied en vrees.*

*29 Want Onse Elohey is 'n verterende vuur.*

Die gebedsprosedure by die Gilgalwiel elke oggend om ongeveer 8h00 by Filadelfia Ark

Elke oggend na diens kom die gemeente by die Gilgal Klipwiel bymekaar waar ons onsself in die volgende formasie opstel. Vier blasers by die vier hoeke oftewel by die vier hoof windrigtings wat 12 keer blaas, 3 blase in elke windrigting. Die res van die gemeente neem plaas en vat mekaar se hande op of net buite die wiel, afhangende hoeveel mense teenwoordig is.

Hulle ramshorings/siele "blaas" ook, deur gebede op te stuur en wel in die volgende gebedsvolgorde. (Elkeen is egter vry om sy eie gebed te formuleer), maar hier is n riglyn na aanleiding van die inligting van JaHshua ontvang oor die afgelope jare en veral vanuit die Nuwe Openbaring, wat vanuit die hart gebid moet word en wel in gees en waarheid.

1) Ek begin deur ons almal wat daar blaas en bid voor JaHshua se Troon te bring, waar ek vra vir sonde vergifnis, wassing en reiniging van ons siele deur Sy bloed, sodat elkeen van ons 'n waardige aanbieding vir Hom kan bring.

1. Dan keer ek terug in my eie hart en omdat ek getroud is met my vrou langs my in aanbidding, trek ek haar gees onder my gees in en doen ek die volgende gesamentlik met haar in die gees:
2. Van bo af open ek ons kroon energiepunt, naamlik die **Barmhartigheidskroon** op die kroon van ons kop.
3. Dan open ek ons **Liefdeskroon** tussen ons twee oë.
4. Dan open ek ons **Geduldskroon**, in die keelarea.
5. Dan open ek ons **Geregtigheidskroon** in die hartsentrum.
6. Dan beweeg ek af na die bekkenarea en open van onder af ons **Ordekroon**.
7. Dan beweeg ek op en open die **Werksame Wilskroon** in die naeltjiearea.
8. Dan open ek ons **Wysheidskroon** in die solar plexusarea net onder die hart.
9. Dan beweeg ek weer in die gees op na die hart, na ons Geregtigheidskroon wat die middelpunt van jou sielswese is, ook voorgestel deur die Staander/JaHshua van die kandelaar van 7 kleure wat nou brand omdat hulle geopen is.
10. Hier haal ek die woorde van die Nuwe Verbond in **Hebreërs 12** se hemelse/aardse vergadering aan en ons ontmoet vir JaHshua in ons hart.
11. Daarna ontmoet ons die tienduisende engeleskare in ons hart.
12. Daarna ons regverdige en vervolmaakte voorvaders in ons hart.
13. Gesamentlik stuur ek ons offer, verenig met JaHshua, engele en voorvaders na die geestelike sfeer, waar ons as Gilgaliete, as mense, die onderkant of die wiel vorm van die groot geestelike portaal of Hemelse Warrelwind.
14. Ek stuur hierdie ligoffer eerstens na die **mineraleryk**
15. Dan stuur ek die ligoffer na die **doderyk**.
16. Dan stuur ek die ligoffer na die **innerlike aarde**.
17. Dan stuur ek die ligoffer na die **planteryk**.
18. Dan na die **diereryk**.
19. Dan na die **natuurgeesteryk**.
20. Dan stuur ek die ligoffer na die **gestorwe geeste** wat in die hiernamaals in duisternis versmag.
21. Dan na al ons **sterrebroers en –susters** in die materiële heelal.
22. Daarna kom ek weer na ons aarde toe en stuur hierdie Lig na **elke mens** op aarde, na elke brandpunt, elke oorlog en stryd wat hulle moet deurmaak.
23. Dan stuur ek hierdie Lig na elke **bose gedagte, bose woorde, en bose dade** wat teenoor JaHshua, sy skepping en Sy kinders geuiter word.
24. Dan stuur ek hierdie Ligoffer na ons **Geloftevolk in Suid-Afrika**
25. En dan na die die **12 verlore stamme van Israel**.
26. Daarna sluit ek af deur hierdie Ligoffer na die **wêreldheersers en owerstes** met hulle demoniese magte in die lug, te stuur sodat die Lig hulle duisternis kan openbaar en oorwin.

## Afsluiting

Nou kan u sien waarom hierdie Derde Gelofte by Gilgal in die Boerevolk so belangrik en allesomvattend is in die aardse– en geestesfeer. Saam met hierdie daaglikse aflegging moet ook 'n waaragtige lewe in liefde die Gelofte vergesel 24/7 vir 365.25 dae van die jaar. Nie die Bloedrivier of die Paardekraal dek hierdie beloftes van **Hebreërs 12** nie. Die inhoud voldoen nie aan die voorwaardes daarin gestel nie.

Maar u moet ook weet dat elke individuele huis regoor Sui-Afrika wat hierdie Vergadering van **Hebreërs 12** ook lewend maak elke dag 100% deel is van die groter Gilgal Gelofte. Daar waar jou vyfde klip geplaas is in jou huis, naamlik die hart of middelpunt van jou eiendom, bring jy jou aanbieding aan Vader, want jy is deel van die hierdie Geestelike Huis wat nog oor die hele aarde sal strek. Hou goeie moed!!

**EINDE VAN DIE REEKS LESINGS**